

Hoofstuk 3

Teoretiese perspektiewe vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk

3.1 Inleiding

Voordat 'n morfologiese beskrywing van die deelwoord in Afrikaans in Hoofstuk 4 vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk gemaak kan word, gee Hoofstuk 3 eers 'n oorsig en verduideliking van die belangrikste teoretiese perspektiewe van die beskrywingsraamwerk. Hierdie perspektiewe sluit in die vertrekpunte en konstrunkte relevant vir die beskrywing van die deelwoord in Afrikaans. As vertrekpunt word die kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingraamwerk gesitueer binne die kognitiewe grammatika (KG) en konstruksiemorfologie (KM) wat deelteorieë van die kognitiewe linguistiek (KL) is.

Binne die beskrywingsraamwerk kan abstrakte teoretiese beskrywings van woordklasse en spesifiek van die deelwoord gegee word. Om hierdie abstrakte beskrywings na waarde te skat, is dit nodig om vooraf 'n kort oorsig oor die beskrywingsraamwerk se vooronderstellings en teoretiese vertrekpunte te gee (vergelyk 3.3), te wete dat:

- (i) taal integraal deel uitmaak van menslike kognisie;
- (ii) die grammatika inherent betekenisvol is; en
- (iii) werklike taalgebruiksdata sentraal binne die beskrywingsraamwerk staan.

Daarna word 'n paar fundamentele konstrunkte binne die beskrywingsraamwerk hanteer, naamlik domein, profiel, trajektor en landmerk, beheerpunt, skandering, verwysingspunt, skopus en die temporele dimensies. Verder word daar gefokus op hoe KG woordklasse onderskei, hoe die fleksie-afleiding-onderskeid beskou word en hoe die onderskeid tussen tempus en aspek die deelwoord raak.

3.2 Van kognitiewe linguistiek tot 'n kognitiewe gebruiksebaseerde beskrywingsraamwerk

Die KL berus op twee basiese verbintenisse wat ook die benadering van kognitiewe linguïste saamvat, naamlik die verbintenis tot veralgemenings (*generalisation commitment*) en die kognitiewe verbintenis (*cognitive commitment*) (Evans & Green, 2006:27). Die verbintenis tot veralgemenings impliseer dat algemene beginsels, wat verantwoordelik is vir alle aspekte van menslike taalgebruik, gekarakteriseer moet word. Die kognitiewe verbintenis behels dat hierdie karakterisering van algemene beginsels vir taal weerklank moet vind in wat reeds in ander dissiplines bekend is oor kognisie. Aan die binneblad van die buite-omslag van elke uitgawe van die tydskrif *Cognitive Linguistics* word die essensie van KL weergegee as dat "... [it] focuses on language as an instrument for organizing, processing and conveying information" (Cognitive Linguistics, 2013:s.bl.). Binne die dissipline linguistiek is KL 'n sambreelterm vir die paradigma waaronder verskillende deelteorieë val wat taal in terme van algemeen menslike kognitiewe prosesse beskryf en verklaar (Van Huyssteen, 2002:305). Twee van hierdie deelteorieë gaan in hierdie studie ingespan word om die deelwoord te konseptualiseer en te beskryf.

Die eerste van die deelteorieë onder KL is Ronald Langacker se teorie, kognitiewe grammatika (KG), aanvanklik genoem *space grammar*. Die vertrekpunt van KG is dat betekenis gelyk gestel kan word aan konseptualisering (Langacker, 1991a:2). In *Cognitive grammar: a basic introduction* (Langacker, 2008a) gee hy in die eerste drie hoofstukke 'n oorsig oor die aard en basiese visie van KG. Van Huyssteen (2000, 2002, 2005) het KG toeganklik gemaak vir verdere toepassings in Afrikaans deur die kognitiewe gebruiksebaseerde beskrywingsraamwerk te vertaal en aan te pas vir Afrikaans. In die kort oorsig wat volg (vergelyk 3.3), word daar juis om hierdie rede telkens na Van Huyssteen se werk verwys. Die oorsig fokus op die inligting wat essensieel is vir die konseptuele beskrywings van die deelwoord wat in die volgende hoofstuk aan bod kom. Vir 'n volledige uiteensetting van KG kan Van Huyssteen (2000, 2002, 2005) of Langacker (1987a, 1991a, 2008a) geraadpleeg word.

Die ander deelteorie wat in hierdie studie gebruik word in die beskrywing van die deelwoord, is konstruksiemorfologie (KM) van Geert Booij. KM is 'n teorie van linguïstiese morfologie waar 'konstruksies' die kern van die teorie uitmaak. Die doel van

hierdie teorie is om 'n raamwerk daar te stel waarbinne sowel die verskille as die ooreenkomste van konstruksies op woordvlak en frasevlak ingereken word (Booij, 2002:1; 2010a:1). Die hoofbestanddele van hierdie teorie betrek woordstruktuur, die idee van konstruksie en 'n teorie oor die leksikon. Al drie word op 'n spesifieke wyse genoteer.

3.3 'n Kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk

Binne 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk is daar drie teoretiese vooronderstellings, naamlik dat (i) taal integraal deel is van menslike kognisie; (ii) grammatika inherent betekenisvol is; en (iii) werklike taalgebruiksdata sentraal staan in die raamwerk. Vervolgens word elkeen van hierdie vooronderstellings in kort trekke verduidelik.

3.3.1 Taal is integraal deel van menslike kognisie

Menslike kognisie toon sekere eienskappe en vermoëns wat reeds deur ander wetenskappe (bv. gedragswetenskappe) as die taalkunde ondersoek en vasgestel is. Dit sluit onder andere die vermoë in om te vergelyk, om ooreenkomste en verskille raak te sien, om assosiasies te vorm of om te kategoriseer. Hierdie eerste vooronderstelling sluit dus aan by sowel die verbintenis tot veralgemenings as die kognitiewe verbintenis waarna reeds verwys is (vergelyk 3.2) deurdat dit algemeen menslike kognitiewe vermoëns as vertrekpunt neem om taalbeskrywings te maak.


Enige bewese kognitiewe vermoë kan ingespan word om taal te beskryf indien dit lig werp op die konseptuele aard van sodanige taalbeskrywing. Die gepastheid van 'n spesifieke kognitiewe vermoë vir 'n taalbeskrywing hang af van die sameval van drie aspekte: (i) dit moet kognitief oortuigend en maklik demonstreerbaar wees; (ii) dit moet noodsaaklik wees vir die beskrywing van die betekenis; en (iii) dit moet 'n rol in grammatika speel (Van Huyssteen, 2005:126).

Die volgende vyf kognitiewe vermoëns is uitgesonder as besonder onthullend en gepas vir taalbeskrywing: simbolisering, komposisie, kategorisering, skematisering en vestiging.

3.3.1.1 *Simbolisering*

Simbolisering word gesien as 'n spesiale geval van die kognitiewe vermoë van assosiasie (Langacker, 1987a:11-12; 60-61; 76-81; 183-189; Van Huyssteen, 2005:307;). Assosiasie is die vermoë om 'n verband te lê tussen twee gebeurtenisse wat herhaaldelik gelyktydig plaasvind (byna soos klassieke kondisionering by Pavlov se hond).

In terme van taal is daar 'n assosiasie tussen klanke, simbole en gebare aan die een kant en begrip of konseptualisering aan die ander kant. Die realisering hiervan is dat elke leksikale item 'n simboliese eenheid is wat bestaan uit die afparing van 'n fonologiese vorm (klank- en skrifvorm) en 'n betekenis. In KG word die semantiese pool van die simboliese eenheid in hoofletters weergegee [SKRYF] en die fonologiese pool in fonetiese tekens [skrøif] of in klein lettertjies [skryf] (Langacker, 2008a:16; Van Huyssteen, 2000:44-45; 2005:307-308). Daar is eers sprake van 'n simboliese eenheid (of begrip) wanneer dié twee pole met mekaar geassosieer word (vergelyk Figuur 2).



Figuur 2: Diagrammatiese voorstelling van die simboliese eenheid [SKRYF/skryf](Langacker, 1987a:11; Van Huyssteen, 2000:45)

KG voer aan dat alle grammatikale konstruksies betekenisvol is en op dieselfde wyse as die simboliese eenheid van [SKRYF/skryf] voorgestel kan word. KM sluit hierby aan deur as beginpunt te neem dat elke woord 'n linguistiese teken is in terme van 'n afparing van vorm en betekenis (Booij, 2010a:5). In Booij se simboliese voorstelling van die woord *skryf* (vergelyk (32)) gebruik hy 'n alkantpyl (\leftrightarrow) om die ooreenkoms tussen die twee strukture aan te dui.

$$(32) \quad [\text{skryf}]_i \leftrightarrow [\text{SKRYF}]_i$$

Die alkantpyl dui die simboliese verhouding aan tussen die vorm (gewone letters links van die pyl) en die betekenis (klein hoofletters regs van die pyl). Die 'i' in onderskrif

buite die blokhakies tree op as 'n indekseringsteken om te wys dat die woorde in blokhakies na dieselfde woord verwys (Van Huyssteen, 2014:175).

3.3.1.2 *Komposisie*


Van Huyssteen (2002:308) verwys na komposisie as een van die mees basiese kognitiewe vermoëns wanneer eenvoudige strukture saamgevoeg word om meer komplekse strukture te vorm. In taal kan kleiner simboliese eenhede, soos *skryf* en *blok*, kombineer om 'n simbolies komplekse struktuur, *skryfblok*, te vorm. Die kleiner dele word die komponentstrukture (*component structures*) genoem wat integreer om die nuwe saamgestelde struktuur²⁹ (*composite structure*) te vorm (Langacker, 2008a:60). 'n Saamgestelde struktuur, soos *skryfblok*, kan op sy beurt weer as 'n komponentstruktuur in 'n volgende saamgestelde struktuur dien, byvoorbeeld in *skryfblokke*, waarvan *skryfblok* en die meervouds-*e* die komponentstrukture is.

Komposisie behels die hiërargiese rangskikking van die samestellende dele (oftewel die konstituente), d.i. die manier waarop die komponentstrukture op verskillende vlakke van verbinding verband hou met die betekenis van die saamgestelde struktuur (Langacker, 2008a:61). Die resultaat van so 'n saamgestelde struktuur is groter as die som van die dele (Van Huyssteen, 2002:308), met ander woorde die betekenis van die saamgestelde struktuur is groter as om slegs die betekenis van die komponentstrukture te verreken. Ter illustrasie kan ons die morfologiese konstruksie *skryfblokke* beskryf deur verskillende komponentstrukture te identifiseer, naamlik 'n werkwoord *skryf* (V), 'n naamwoord *blok* (N) en 'n meervoudsuitgang *-e* (PL). Die rangskikking, oftewel die komposisie, behels dat die werkwoord *skryf* en die naamwoord *blok* eers met mekaar verbind om die saamgestelde struktuur *skryfblok* te vorm, voordat *skryfblok* met die meervouds-*e* verbind om 'n verdere saamgestelde struktuur *skryfblokke* te lewer.

Hierdie proses van komposisie kan op verskeie wyses uitgedruk word. Die konstituente of onderdele in die komposisie van *skryfblokke* kan grafies in 'n boomdiagram

²⁹ Van Huyssteen (2000, 2002, 2005) verwys deurgaans na *composite structure* as 'komposisiestruktuur' (teenoor 'saamgestelde struktuur' wat ek hierbo gebruik het). Deur 'komposisie' in beide komposisie (*composition*) en komposisiestruktuur (*composite structure*) te gebruik, is dit moontlik dat die belangrike onderskeid tussen hierdie twee KG-terme verlore mag gaan en sodoende die Afrikaanse insig verarm. Beide terme betrek die totstandkoming van komplekse strukture: die wyse van rangskikking of samestelling is die komposisie wat die saamgestelde struktuur tot gevolg het.

voorgestel word (vergelyk Figuur 3), of dit kan in liniêre notering soos in (33a) tot (33d) uitgedruk word (Booij, 2010a:28; Langacker, 2008a:60; Van Huyssteen, 2014:175-176). In (33a) word 'n plus (+) tussen verbindende stamme gebruik en 'n strepie (-) by fleksie- of afleidingsmorfeme. (33b) is die formalisme soos wat dit binne KM genoteer word (Booij, 2010a:28; Van Huyssteen, 2014:176) en hoe dit ook in die beskrywing van die deelwoord in Afrikaans in Hoofstuk 4 genoteer gaan word. (33c) en (33d) is voorbeelde van hoe dié liniêre notering kortweg binne KM geskryf kan word.



Figuur 3: Diagrammatiese voorstelling van die komposisie van 'n saamgestelde struktuur (Van Huyssteen, 2014:175)

(33a) [[[SKRYF]/[skryf]]+[[[BLOK]/[blok]]+[[PL]/[-e]]]]

(33b) [[[skryf]_V[blok]_N]_{N_i} e]_{N_j} ↔ [PL van SEM_{N_i}]_{N_j}

(33c) [[skryf_V + blok_N]_N e]_{N_j}

(33d) [skryf+blok-e]_N

Die wyse van komposisie van saamgestelde strukture word verder gespesifiseer deur bykomende fundamentele aspekte van konseptualisering. Van Huyssteen (2010b:s.bl.) verwys onder andere na aspekte soos ooreenkoms, profiel en profilering, onafhanklikheid en afhanklikheid, en konstituentkategorie. Vir die beskrywing en duidelike begrip van wat 'n deelwoord is, is dit nodig om te begryp wat met *profiel* en *profilering* bedoel word; dit word onder afdeling 3.4.2 in meer detail verduidelik.

3.3.1.3 Kategorisering

Kategorisering behels die mens se kognitiewe vermoë om twee strukture te vergelyk om sodoende die ooreenkomste en verskille raak te sien (Van Huyssteen, 2010b:s.bl.).

Binne KG word die bestaande struktuur waarteen die vergelyking gemaak word die *standaard* genoem en die ander wat vergelyk word, die *teiken*.

Twee tipes kategoriseringsverhoudings word onderskei, naamlik 'n uitbreidingsverhouding en 'n verlengingsverhouding.


- 'n Uitbreidingsverhouding word met 'n vastestreeppyl aangedui, byvoorbeeld wanneer B 'n uitbreiding van A is: $A \rightarrow B$. Dit beteken dat B aan al die spesifikasies voldoen wat deur A daargestel is; B is slegs in meer detail gekarakteriseer. In KG kan só 'n uitbreidingsverhouding ook uitgedruk word as:
 - A is skematies vir B;
 - B brei A verder uit; of
 - B instansieer A (Langacker, 2008a:17; Van Huyssteen, 2010b:s.bl.).

- 'n Verlengingsverhouding word met 'n stippelstreeppyl aangedui, byvoorbeeld wanneer B 'n verlenging van A is: $A \dashrightarrow B$. Dit beteken dat alhoewel B nie met al die spesifikasies van A ooreenstem nie, word B nogtans op grond van 'n bepaalde ooreenkoms met A geassosieer. In KG-terme kan só 'n verlengingsverhouding ook uitgedruk word as:
 - A is die prototipe; en
 - B is 'n verlenging van A (Langacker, 2008a:18; Van Huyssteen, 2010b:s.bl.).

Hierdie verskillende verhoudings kan geïllustreer word deur 'n eenvoudige diagram van die tradisionele tipes deelwoorde (vergelyk Figuur 4). Die bedoeling met Figuur 4 is geensins om 'n uiteensetting van tipes deelwoorde te gee nie, maar word slegs hier as 'n voorbeeld-in-konteks gebruik om uitbreidings- en verlengingsverhoudings te illustreer.

Al die vastestreeppyle in Figuur 4 is voorbeelde van uitbreidingsverhoudinge waar die laer vlak in die hiërargiese struktuur telkens aan al die spesifikasie van die hoër vlak voldoen. Die stippelstreeppyl dui aan dat die B-struktuur [V-d] 'n variasie van die A-struktuur [V-end] is, aangesien dit nie aan al die vereistes van die A-struktuur voldoen nie. Die A-struktuur illustreer die prototipiese onvoltooide deelwoord [V-end] wat produktief is vir byna alle werkwoorde in Afrikaans, en die B-struktuur illustreer die

handjievool voorbeelde, naamlik *sien*, *slaan*, *staan*, *doen*, *gaan* en *syn*, wat anders werk as die prototipiese struktuur, omdat die infinitiefvorm in Nederlands anders lyk³⁰.



Figuur 4: Uitbreidings- en verlengingsverhoudings

Volgens Van Huyssteen (2010c:9) is die uiteindelijke doel van 'n kognitiewe gebruiksgesonde beskrywingsraamwerk juis om 'n kategoriseringsnetwerk van 'n taalverskynsel daar te stel (vergelyk 4.2.3 en 4.3.3 vir voorbeelde van kategoriseringsnetwerke van die deelwoord in Afrikaans).

3.3.1.4 Skematisering

'Skema' is 'n algemene term binne kognitiewe wetenskappe en verwys na 'n datastruktuur wat betrek word om algemene begrippe in die geheue te stoor. Skemas is daarom handig om veralgemenings oor linguïstiese vlakke en tipes inligting heen te maak (Booij, 2010a:5), en dit sluit ook aan by die verbintenis tot veralgemenings (vergelyk 3.2). Skematisering is dan die totstandkoming van 'n vorm-betekenispaarkonstruksie van enige linguïstiese eenheid. So kan die woord *skryf* sowel as die suffiks *-er*³¹ as konstruksies gesien word, want beide het 'n duidelike vorm en 'n duidelike betekenis. *Skryf* verwys na die handeling om te skryf en *-er* dra die betekenis van iets of iemand wat die handeling uitvoer.

Wanneer twee of meer konstruksies kombineer, soos wat dit die geval is by *skrywer* of *skryfblokke*, is daar sprake van grammatikale konstruksies en spesifiek dan morfologiese konstruksies. As hierdie morfologiese konstruksies abstraher word, word dit konstruksieskemas genoem. In KG word skematisering beskryf as 'n abstrakte

³⁰ Vergelyk Combrink (1990) en asook 2.3.10.

³¹ Hier verskil Langacker se siening met dié van Booij (2010a), wat nie morfeme as konstruksies sien nie.

uitbeelding op grond van inherente gemene eienskappe van meervoudige ervaringe (Langacker, 1991b:104; 2008a:17). Fasette in die ervaringe wat nie herhaal nie of wat nie die patroon volg nie, word bloot weggelaat. Die patrone wat wel na vore kom, is die skemas wat verder dien as template wat sonder moeite telkens geaktiveer kan word.

Skemas in taalbeskrywings is minder spesifiek as die werklike taaluitinge waaruit hulle ontstaan. Hoe meer skematies die komponent- en saamgestelde strukture, hoe growwer (*coarse-grained*) is die voorstelling. Grof verwys hier na hoe algemener en minder gedetailleerd die voorstelling is (Van Huyssteen, 2010c:9). In (34a) sien ons 'n laer-orde voorstelling van *skryfblokke* op 'n meer gedetailleerde vlak, en (34b) illustreer 'n hoër-orde voorstelling van *skryfblokke* op 'n meer abstrakte vlak.

(34a) [[[skryf]_V[blok]_N]_{Ni} e]_{Nj} ↔ [PL van SEM_{Ni}]_j

(34b) [[[a]_V[b]_N]_{Ni} e]_{Nj} ↔ [PL van SEM_{Ni}]_j

Konstruksieskemas dien dus as skeletvoorstellings of template van gedeelde eienskappe wat nuwe of ongekende uitdrukkings toelaat (*sanction*). Hiermee word daar nie geïmpliseer dat hoër-orde skemas belangriker is as gedetailleerde laer-orde skemas nie: skemas fasiliteer bloot intydse aanlynprosessering.

Vanuit KM verduidelik Booij (2010a:2) skemas deur eers woorde te bestudeer en 'n patroon raak te sien. 'n Klomp woorde in Afrikaans is gevorm deur 'n werkwoord en *-er* om 'n naamwoord te vorm, soos onder andere *skryf* – *skrywer*, *speel* – *speler*, of *lees* – *leser*. Die vormlike verskille tussen die werkwoorde korreleer met die betekenisverskille tussen die naamwoorde wat gevorm is. Die morfologiese struktuur van *skrywer* kan geprojekteer word as (35a). Omdat daar méér woorde is wat op dieselfde manier gevorm is, kan 'n abstrakte skema, soos (35b), vir die spreker ontstaan (Booij, 2010a:2). Die *a* in die plek van *skryf*, wys daarop dat *a* nou met verskillende werkwoorde vervang kan word.

(35a) [[skryf]_Ver]_N 'iets of iemand wat skryf'

(35b) [[a]_Ver]_N 'iets of iemand wat V'

'n Skema soos (35b) druk 'n veralgemening van die vorm en betekenis van bestaande deverbale naamwoorde met *-er* uit wat in die leksikon gelys word en wat verder ook die beginpunt is vir die vorming van nuwe naamwoorde met *-er*, afgelei van werkwoorde. 'n

Nuwe woord word gevorm deur unifikasie (eenwording) waar die veranderlike *a* met 'n konkrete werkwoord vervang word (Booij, 2010a:2). Die skema maak dit verder ook duidelik dat *-er* 'n gebonde morfeem is wat nie onafhanklik as 'n woord in die leksikon bestaan nie, en derhalwe is *-er* gebonde aan die skema (Booij, 2010a:4).

Volgens Booij (2010a:4) het hierdie morfologiese skemas sekere funksies, naamlik:

- hulle druk voorspelbare eienskappe (*predictable properties*) van komplekse uit;
- hulle wys hoe nuwe komplekse tot stand kan kom; en
- hulle verleen struktuur aan die leksikon, aangesien komplekse nie 'n ongestruktureerde lys is nie, maar in subgroepe verdeel is. Hierdie siening omseil die *rule-list fallacy* wat beweer dat linguistiese konstrukte gemaak word óf deur reëls, óf deurdat dit apart in die leksikon gelys word indien geen reël werk of pas nie.

3.3.1.5 *Vestiging*

Outomatisering is 'n kognitiewe vermoë wat verwys na kognitiewe aksie wat plaasvind met baie min bewustelike kognitiewe energie, juis omdat die aksie so gevestig geraak het as gevolg van herhaaldelike inoefening (Langacker, 2008a:16). Wanneer taalstrukture gevestig raak, word dit óók outomaties, soos roetine (Van Huyssteen, 2010c:10). Deur herhaaldelike gebruik is dit daarom moontlik dat 'n komplekse struktuur in so 'n mate bemeester word dat dit byna heeltemal outomaties raak en weinig kognitiewe inspanning verg.

Taalstrukture vestig progressief sterker totdat dit uiteindelik eenheidstatus bereik. Leksikale eenhede is woorde wat mens goed ken en dadelik die betekenis van verstaan; leksikale frase-uitdrukkings is frases wat so gereeld gebruik word dat dit eenheidstatus bereik (bv. *Hoe gaan dit?*). Eenheidstatus impliseer nie dat die gevestigde saamgestelde struktuur nie nog steeds uit komponente bestaan nie. Dit impliseer slegs die omseiling van die komponente tydens aktivering van die taalstruktuur, juis omdat dit so outomaties geword het (Van Huyssteen, 2010c:11).

Die mate van vestiging hang af van die sentraliteit en die linguistiese belangrikheid van die taalstruktuur. In terme van deelwoorde is *-end* by onvoltooide deelwoorde (byvoorbeeld *skeeuende kinders*) meer sentraal as *-d* (byvoorbeeld *staande water*) wat

slegs by ses werkwoordbasisse voorkom. Ons kan gevolglik sê dat *-end* meer prototipies is van onvoltooide deelwoorde as *-d* en om hierdie rede sal die blokkie met *-end* in 'n kategoriseringsnetwerk met 'n swaarder lyn getrek word om te wys dat dit 'n hoër mate van vestiging binne hierdie taalstruktuur beklee (vergelyk Figuur 4).

3.3.2 Die grammatika is inherent betekenisvol

Anders as in generatiewe taalbenaderings, word die grammatika self as betekenisvol gesien binne 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk (Van Huyssteen, 2002:313). Buiten dat die basisstrukture van die grammatika, soos die woordeskat, betekenisvol is, is die grammatika self ook 'n konseptuele middel waardeur ons meer uitgebreide betekenisstrukture, soos frases en sinne, verstaan. Die mens se verbeeldingskrag of produktiewe verbeelding, gepaardgaande met 'n magdom konseptuele konstruksies, stel ons in staat om taal te verstaan (Langacker, 2008a:4). Grammatikale analise is dus onlosmaaklik verbonde aan semantiese analise deurdat betekenis gelyk gestel en verklaar word in terme van konseptualisering van kognitiewe prosessering (Canakis, 1997:16). 'n Konseptuele siening van betekenis laat ons toe om sin te maak van taalstrukture, al is dit nie altyd voor die hand liggend nie. Intuisie en introspeksie van die taalkundige dra baie by tot aanvanklike analyses, maar dit is slegs deur noukeurige en eksplisiete linguistiese analise van gebruiksdata dat mens 'n vaste en onthullende karakterisering van die semantiese struktuur kan teweegbring (Langacker, 2008a:85).

3.3.3 Werklike taalgebruiksdata staan sentraal

Daar word na 'n werklike gebruiksinstantie van taal verwys as 'n gebruiksepisode (*usage event*). 'n Kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk is in wese 'n raamwerk wat hom bemoei met werklike taaldata. Dit is 'n *bottom-up*-benadering waar skemas uit werklike data onttrek word en staan dus in direkte teenstelling met *top-down*-benaderings waar voorbeelde in data gesoek word om as uitgedinkte skemas te dien.

Volgens Langacker (2008a:237) is 'n algemene eienskap van taal dat daar 'n netwerk van komplekse kategorieë bestaan waarbinne 'n verskeidenheid variante vorme verskyn en waar die verskillende variante vorme verband hou met mekaar. Om 'n

taalverskynsel in isolasie te beskryf, is daarom nie voldoende om algemene patrone te karakteriseer nie. Langacker (2008a:237) voer aan dat alle variante vorme in die karakterisering van 'n taalverskynsel ingesluit behoort te word, nie net die tipiese voorbeelde nie en ook nie net die hoër-orde skemas nie. Hoe fyner die beskrywing, hoe meer onthullend sal dit wees, want dit is in werklikheid die laer-orde skemas wat uiteindelik bepaal watter variante vorme werklik in gebruiksituasies voorkom en watter nie, of watter variante vorme sterker gevestig is as ander. Indien so 'n netwerk van werklike taaldata gepostuleer kon word, sal dit kategorieë definieer waarvan die lede verbandhoudende konstruke is.

3.4 Fundamentele konstruke binne die beskrywingsraamwerk

Volgens Langacker (2008a:85-86) word konvergerende bewyse (*converging evidence*) vir teoretiese konstruke gevind tussen:

- wat ons reeds van menslike kognisie weet;
- wat nodig is vir 'n bruikbare semantiese beskrywing; en
- of die konstruke die grammatika optimaal toelig.

Spesifieke teoretiese konstruke stel die taalkundige in staat om die onthullende betekenis van 'n taalstruktuur te illustreer. Hierdie konstruke sluit domein, profiel, trajektor, landmerk, gesigspunt, skandering, verwysingspunt, skopus en die temporele dimensies in. Elkeen van hierdie konstruke word kortliks toegelig.

3.4.1 Domein

Enige taaluiting word verstaan in terme van een of meer kognitiewe domein(e) wat saam die domeinmatriks van betekenis vorm (Langacker, 1987a:147). Domeine is nie konsepte *per se* nie, maar eerder realiteite van die ervaringsveld waarbinne konseptualisering plaasvind. Met ander woorde, 'n domein verwys na die konteks wat jy nodig het om 'n betekenseenheid te karakteriseer. Die domeinmatriks sluit alle domeine in wat as basis kan dien vir betekenis, maar daar word na sekere domeine as basiese domeine verwys. Hierdie basiese domeine is fundamenteel vir begrip en betrek die ruimtelike domein (plek), die temporele domein (tyd), en die sensoriese domein (sintuiglike ervarings). Ander domeine sluit onder andere in onmiddellike sensoriese

ervaring (byvoorbeeld 'n skaal van intensiteit), oriëntasie (byvoorbeeld op 'n skaal van rigting), kwaliteit (byvoorbeeld 'n skaal van lengte), kwantiteit (byvoorbeeld hoeveelheid), emotiewe ervaring (byvoorbeeld 'n emosionele toestand), kinestetiese ervaring (byvoorbeeld 'n skaal van beweging), abstrakte oordele (byvoorbeeld regverdigheid), en rame (byvoorbeeld die konteks van handel: koop en verkoop) (Van Huyssteen, 2010b:9).

3.4.2 Profiel

Die profiel van 'n uitdrukking is dit wat deur die uitdrukking aangedui word, dit waarop die aandag gefokus word. Wanneer 'n woord gekonseptualiseer word, word die woord in 'n domein gekonseptualiseer wat derhalwe neerslag vind in die profiel van die uitdrukking. Wanneer 'n taaluiting verwys na 'n bank om op te sit (vergelyk (36a)), word die woord in die ruimtelike domein gekonseptualiseer en dienooreenkomstig is die profiel van die woord 'n aansyn ('n naamwoord). Dit is presies dieselfde geval wanneer 'bank' verwys na die plek of instansie waar jy jou geld spaar (vergelyk (36b)) wat ook in die ruimtelike domein gekonseptualiseer word en waar die profiel gevolglik ook 'n aansyn ('n naamwoord) is. Wanneer daar met 'bank' die handeling bedoel word wanneer jy jou geld spaar (vergelyk (36c)), word die handeling in die temporele domein gekonseptualiseer en sodoende is die profiel van die woord 'n proses (werkwoord). Profilering is daarom van kritieke belang wanneer 'n uitdrukking se grammatikale kategorie bepaal word (Langacker, 2008a:98). Langacker stel dit duidelik dat dit nie die oorkoepelende konseptuele inhoud is wat die onderskeid tussen woordklasse illustreer nie, maar die spesifieke aard van die profiel van die uitdrukking. As ons weer na (36b) en (36c) hieronder kyk, sien ons dat daar 'n groot mate van oorvleueling is tussen die konseptuele inhoud van die woord 'bank' in die twee sinne, maar dat die verskillende instansiëringdomeine waarbinne die woorde gekonseptualiseer word, neerslag vind in die verskillende geaardhede van die profiele.

(36a) *Ek sit op die **bank**.*

(36b) *Ek wil gou **bank** toe gaan.*

(36c) *Ek **bank** elke maand honderdrand ekstra in my spaarrekening.*

3.4.3 Trajektor en landmerk

Wanneer 'n verhouding geprofileer word (soos by byvoorbeeld werkwoorde of adjektiewe, vergelyk 3.5), is daar verskillende deelnemers betrokke by die konseptualisering van die verhouding. Wanneer een deelnemer in terme van die ander deelnemer gekonseptualiseer word, geniet die deelnemers nie dieselfde prominensie nie. Daar word dan na die een deelnemer as 'n trajektor (tr) verwys en na die ander as 'n landmerk (lm). Die primêre fokus val op die trajektor wat gekonstrueer word in verhouding tot die landmerk (Langacker, 2008a:70).

Die voorsetsel in (37a) hieronder profileer 'n verhouding tussen twee entiteite: die *skryfblok* (trajektor) word in die ruimtelike domein deur die voorsetsel *op* gekonstrueer in terme van die *tafel* (landmerk). Die adjektief in (37b) profileer ook 'n verhouding waar die *skryfblok* (trajektor) op 'n skaal van kwaliteit (landmerk) gekonseptualiseer word, naamlik as *splinternuut*.

(37a) *Die skryfblok lê **op** die tafel.*

(37b) *Die skryfblok is **splinternuut**.*

3.4.4 Gesigspunt

Normaalweg is die gesigspunt³² (*vantage point*) die werklike situering van die spreker en die hoorder. Dieselfde situasie kan vanuit verskillende gesigspunte beskryf word wat noodwendig tot verskillende konstruerings en gevolglike konseptualiserings sal lei. Die kapasiteit om die gesigspunt te verskuif, maak dit moontlik om 'n situasie vanuit 'n ander persoon se perspektief waar te neem. Alhoewel die gesigspunt 'n ruimtelike domein impliseer, is dit ook handig in ander domeine, soos byvoorbeeld die tyddomein, wanneer daar terug en vorentoe na verskillende tydperke verwys word (Langacker, 2008a:75-77).


In die meeste gevalle stem die gesigspunt ooreen met die werklike plek van die spreker of hoorder, maar dit kan natuurlik ook verskil. Gestel een van die gaste loop van die sitkamer na die kombuis, dan kan die gesigspunt van dieselfde gebeurtenis verskillend wees. Vir sommige gaste (dié wat agterbly in die sitkamer) het die persoon die sitkamer

³² Van Huyssteen (2000:271) verwys na die *vantage point* as die 'beheersende punt'. Ek verkies om 'gesigspunt' te gebruik.

verlaat (die persoon loop uit die sitkamer) en vir ander gaste (dié in die kombuis) het die persoon die kombuis *binnegekom*. Dieselfde situasie kan ook verskillend interpreteer word: wanneer die gedekte tafel bespreek word, kan ewe maklik opgemerk word dat die plekmatjie *onder* die bak is, of dat die bak *bo-op* die plekmatjie staan. Súlke verskillende interpretasies berus op die gesigspunt.

3.4.5 Skandering

Skandering (*scanning*) betrek die verskillende wyses waarop komplekse verhoudings kognitief geprosesseer word. Daar word onderskei tussen opeenvolgende skandering (*sequential scanning*) en opsommende skandering (*summative scanning*) (Langacker, 1987a:248). Die klassieke verduideliking wat Langacker gebruik om tussen die twee wyses van skandering te onderskei, is dat opeenvolgende skandering soos 'n film is wat afspeel en dat opsommende skandering soos 'n foto is waarna jy kyk (Langacker, 1987a:248).



Figuur 5: Voorstellings van (a) opeenvolgende skandering en (b) opsommende skandering

Wanneer die spoor van die episode in jou verbeelding opgeroep word soos dit deur die verloop van tyd ontvou, skandeer jy die episode in serie, opeenvolgend al langs die tydlyn (vergelyk Figuur 5a); dink byvoorbeeld aan 'n bal wat teen 'n heuwel afrol. Dienooreenkomstig word daar na hierdie tipe skandering as opeenvolgende skandering verwys. 'n Inherente eienskap van hierdie tipe skandering is juis om die komponenttoestande waar te neem tydens hulle temporele manifestasie. Elkeen van die komponenttoestande in Figuur 5a is geprofileer (met swaarder lyne gemerk) soos wat

dit deur tyd ontvou. Die donker staaf op die tydlyn (gemerk t) dui aan dat die tydlyn ook geprofileer is. Dit is kenmerkend van opeenvolgende skandering dat enigeen van die komponenttoestande verteenwoordigend is van die proses se konseptualisering as 'n geheel (Langacker, 2008a:111). Opeenvolgende skandering is toepaslik vir prosesse (werkwoorde) wat waargeneem, onthou of verbeel word. In (38a) hieronder is *pak* 'n voorbeeld van 'n proses wat opeenvolgend geskandeer word. Elke moment in die pakproses word konseptueel ervaar as deel van die pakkery (vergelyk Figuur 5a).

(38a) *Ons **pak** die kanttassies van die motorfiets.*

(38b) *Ek pak die handdoeke **binne-in** die linkerkantste kanttassie.*

'n Ander wyse van skandering is opsommende skandering. Terwyl die verskillende komponenttoestande by opsommende skandering steeds in volgorde geïdentifiseer kan word, word daar uiteindelik slegs op die resultaat gefokus (Langacker, 2008a:111). Wanneer mens jouself die komponenttoestande van *binne-in* (vergelyk (38b)) verbeel, voorveronderstel dit natuurlik die handdoeke in die pakker se hande van buite die kanttassie tot dit binne-in weggepak word, maar die fokus val op die eindresultaat, die posisie waar die handdoeke binne-in die kanttassie beland. Al die komponenttoestande word oormekaar geprojekteer tot 'n enkele gestalt en gevolglik word dit gelyktydig geaktiveer (vergelyk Figuur 5b). Opsommende skandering is kenmerkend van die wyse van kognitiewe prosessering by deverbale naamwoorde, voorsetsels, adjektiewe en bywoorde.

Opeenvolgende en opsommende skandering is nie wedersyds uitsluitend nie, maar is twee fasette van die normale waarneming van episodes. Opeenvolgende skandering verteenwoordig die werklike aard van die intydse ervaring waar slegs een komponenttoestand op enige gegewe oomblik toeganklik is soos die episode ontvou deur tyd. Met opsommende skandering is die volledige konseptualisering holisties as een geheelbeeld of gestalt beskikbaar. Verder impliseer opeenvolgende skandering die kategorisering van die episode as 'n werkwoord. Wanneer dieselfde inhoud gesien word in 'n opsommende wyse, is die gevolg dat die uitdrukking tot 'n ander grammatikale kategorie behoort, soos 'n adjektief of 'n deelwoord (Langacker, 2008a:112).

Broccias en Hollmann (2007) het in hulle artikel getiteld *Do we need summary and sequential scanning in (Cognitive) Grammar?* twee punte van kommer uitgespreek oor

die KG se siening van skandering, naamlik (i) dat daar nie onafhanklike bewyse of bevestiging is vir opeenvolgende en opsommende skandering binne 'n teorie wat hom juis roem daarop om grammatikale konsepte te baseer op algemene kognitiewe beginsels nie (Broccias & Hollmann, 2007:504-505); en (ii) dat daar weer oor die psigologiese waarskynlikheid van die twee tipes skandering besin moet word. Hulle verwys veral na die psigologiese onwaarskynlikheid om in langer verbale konstruksies soos *have been being followed* te spring tussen opeenvolgende en opsommende skandering totdat die konstruksie uiteindelik in die saamgestelde struktuur opeenvolgend geskandeer word (Broccias & Hollmann, 2007:505). Hulle is van mening dat die dualistiese aard van KG verder ondersoek moet word: daar is 'n teenstrydigheid tussen die teorie-gedrewe vereiste vir volledige semantiese ontleedbaarheid aan die een kant, en die rol van vestiging in die voorstellings van linguistiese strukture by taalgebruikers aan die ander kant. Volgens Broccias en Hollman (2007) is hierdie probleem die kern van 'n psigologies waarskynlike en dus werklik kognitiewe grammatika.

Langacker (2008b) het die kommer van Broccias en Hollmann verwelkom en skryf selfs dat hy voordeel daaruit trek om sy aanvanklike beskrywings te hersien en te verfyn. Tog het hy hulle hierop geantwoord met: "In response to the question posed by B&H in their title, I would still answer in the affirmative" (Langacker, 2008b:582).

Op (i) erken hy dat eksperimentele bewyse tekort skiet, maar daar is by hom geen twyfel oor die psigologiese status van opeenvolgende skandering nie, aangesien dit 'n basiese aspek van 'n oomblik-tot-oomblik-ervaring bly (Langacker, 2008b:571-572). Opeenvolgende skandering is ons primêre manier om intyds gebeure waar te neem, en opsommende skandering is die samevatting daarvan in 'n geheelbeeld wat bestaan uit 'n opboufase en 'n gevolglike blywende toestand.

In sy reaksie op (ii) bevestig hy dat die vraag na hoe linguistiese strukture verband hou met intydse prosessering 'n kritiese vraag is waarmee hy sal aanhou worstel. Hy stel homself wel voor dat die integrasie van struktuur en intydse prosessering moontlik 'n antwoord kan bied (Langacker, 2008b:577). In terme van die alternering tussen verskillende wyses van skandering in langer verbale konstruksies, voer hy aan dat 'n mens moet waak teen aannames wat hy geensins gemaak het nie, te wete:

- a) dat grammatikale beskrywings in KG direkte voorstellings is van wat werklik tydens intydse taalprosessering gebeur;
- b) dat komponentstrukture letterlik kombineer in groter saamgestelde strukture;
- c) dat hiërargiese vlakke van samestelling aparte temporele fases met intydse prosessering vir elk impliseer;
- d) dat komponentstrukture op elke vlak van samestelling eers ten volle voltrek voordat die volgende vlak inisieer word; en
- e) dat elke struktuur in al sy stadia volledig verloop sonder inagneming van faktore soos outomatisering of ondergeskiktheid aan ander elemente (Langacker, 2008b:574).

3.4.6 Verwysingspunt

'n Verwysingspunt (*reference point*) is 'n tipe skandering waar die aandag eers op 'n ander (duideliker) entiteit gerig word om sodoende die bedoelde entiteit te verstaan. 'n Verwysingspunt is soms onontbeerlik vir mentale skandering en uiteindelijke begrip. Byvoorbeeld, twee skoelapperversamelaars stap in die veld en die een (die spreker in (39)) verduidelik vir die ander een (die hoorder) presies waar die skoelapper sit. Dit is makliker om die skoelapper raak te sien deur eers na die droë tak en dan na die bossie agter die droë tak te verwys.

(39) *Sien jy die droë tak wat uitsteek aan die linkerkant van die boom? Die skoelapper sit op die bossie net agter daardie tak.*

In (39) is *skoelapper* die teiken, terwyl *die droë tak* en *die bossie* verwysingspunte word om die teiken raak te sien. Hier is sprake van 'n konseptuele pad wanneer daar op die verskillende verwysingspunte, een na die ander, gefokus word totdat die teiken gevind is. Daarna word die teiken in die kollig geplaas en die verwysingspunte skuif na die agtergrond (Langacker, 2008a:83-85).

3.4.7 Skopus

Skopus (*scope*) verwys na watter deel van die taaluiting gekies word om op te fokus. Die konseptualisering kan ook georganiseer word in terme van voorgrond en agtergrond. Ons het soms nodig om in 'n bepaalde domein te onderskei tussen 'n uitdrukking se

maksimale skopus (*maximal scope*) en die beperkte, onmiddellike skopus (*immediate scope*). Die maksimale skopus (MS) is die volle omvang van die uitdrukking en die onmiddellike skopus (OS) die gedeelte wat direk relevant is vir 'n spesifieke doel. Die OS word die voorgrond van die taaluiting, terwyl die agtergrond die MS bied. Langacker (2008a:63) verduidelik dat ons die OS metafories as die kolliggedeelte (*onstage region*) kan sien – dit waarop die aandag gevestig word.

As ons weer (39) as voorbeeld kan gebruik, dan fokus die taaluiting in die ruimtelike domein op 'n spesifieke bossie (die OS) wat konseptueel deel uitmaak van die natuur of die veld (die MS). Binne 'n aktiwiteitsdomein, sal die versameling van skoelappers die MS betrek, terwyl die identifisering van die een spesifieke skoelapper die OS betrek.

3.4.8 Die temporele dimensies T en t

Konseptualisering is inherent dinamies; dit is 'n gebeurtenis wat geskied met neurologiese aktiwiteit en daarom ook met verloop van tyd. Wanneer sulke tyd as die medium van konseptualisering beskou word, word daarna verwys as 'prosesseringstyd' (*processing time*) wat met T aangedui word in KG se kwasipiktorale diagramme. Verskillende konseptualiserings het verskillende lengtes prosesseringstyd: van oombliklike ervarings soos die prik van 'n naald tot enige langer ervaring (Langacker, 1991a:78-81; 2008a:79).


Wanneer tyd as die objek van konseptualisering gesien word, word daarna verwys as 'beskoude tyd' (*conceived time*) en word dit met t aangedui. Tyd word objektief gekonstrueer wanneer 'n sekere tydperk deur woorde soos *periode, week, volgende jaar, of verlede jaar* geprofileer word. Tyd word ook objektief gekonstrueer wanneer dit as 'n kognitiewe domein funksioneer waarbinne 'n geprofileerde verhouding manifesteer (Langacker, 1991a:78-81; 2008a:72). Tyd figureer daarom in die konseptualisering van alle gebeure juis omdat gebeure deur tyd ontvou. Om hierdie rede is daar altyd 'n geprofileerde temporele as, aangedui met 'n pyl, in die diagrammatiese voorstellings van prosesse (werkwoorde).

Dit is nie altyd maklik om beskoude tyd en prosesseringstyd te onderskei nie, tensy mens daartussen onderskei as die konseptualisering van tyd (T) wat gebeur déúr

verloop van tyd (t). Daar is 'n natuurlike neiging dat T en t saamval in die volgorde van gebeure, maar dit kan ook disjunk wees.

3.5 Woordklasse in die kognitiewe grammatika

Waar tradisionele taalteorieë, soos byvoorbeeld die generatiewe benaderings, woordklasse op grond van grammatikale verspreiding beskryf, karakteriseer KG woordklasse op grond van semantiese konseptualisering. Soos ons reeds hierbo gesien het, voer KG aan dat alles in taal betekenis dra, selfs morfeme. Daarom sien KG woordvorming anders as generatiewe benaderings wat slegs die grammatikale invoer van morfeme erken (Broccias & Hollman, 2007:491).




**Figuur 6: Diagrammatiese voorstelling van woordklasse binne KG
(Broccias en Hollmann, 2007:491; Langacker, 1987a:249)**

Die analise van woordklasse vanuit KG is opgesom in Figuur 6 hierbo. Hierdie bekende diagram wat die dichotomie van *entiteite* voorstel, illustreer die semantiese pool van woordklasse en word dit daarom in hoofletters weergegee (vergelyk weer 3.3.1.1 en Figuur 2). In navolging van Broccias en Hollman (2007:491) is party blokke grys geskakeer om aan te toon dat hulle direk verband hou met sekere woordklasse.

3.5.1 Entiteite

Die oorkoepelende nodus boaan Figuur 6 is 'entiteite' (*entities*) wat skematies die abstrakste en mees algemene klas vir alle woorde en uitdrukkings in 'n taal is. Die vaagheid van die term 'entiteit' laat toe dat dit enigiets kan insluit en word skematies met 'n vierkant voorgestel (vergelyk Figuur 7a). Entiteite onderskei taaluitinge verder in 'aansyne' (*things*) en 'verhoudings' (*relations*).



Figuur 7: Skematiese voorstellings van a) entiteit; b) aansyn; c) simplekse atemporele verhouding; d) komplekse atemporele verhouding; en e) proses (Langacker, 2008a:99)

Die dichotomie by 'aansyne' en 'verhoudings' is nie geleë in die inherente konseptuele inhoud van die taaluiting self nie, maar wel op watter wyse die taaluiting deur kognitiewe aksies soos konstruering en profilering gekonseptualiseer word. Dieselfde basiese konseptuele inhoud, byvoorbeeld *kolf* kan verskillend gekonseptualiseer word as 'n aansyn (vergelyk (40a) en Figuur 7b) of as 'n verhouding (vergelyk (40b) en Figuur 7e). Die onderskeid word bewerkstellig deur waar die kognitiewe aandag gefokus word, met ander woorde die aard van die profiel (Langacker, 2008a:98). Dit is dus nie die betekenisinhoud van *kolf* self wat dit 'n naamwoord of werkwoord maak nie, maar die wyse waarop die betekenisinhoud van *kolf* gekonstrueer word: hoe tyd gekonseptualiseer word en op watter wyse die inhoud geskandeer word.

(40a) *Hy het 'n swaar kolf.*

(40b) *Ons het die loot gewen en kolf eerste.*


3.5.2 Aansyne en verhoudings

In KG vorm 'aansyn' die semantiese pool van naamwoorde (Langacker, 2008a:98). Enige tipe naamwoordelike eenheid of naamwoordgroep word gevolglik skematies gekarakteriseer as 'n aansyn en word in die kwasipiktorale diagramme met 'n sirkel voorgestel (vergelyk Figuur 7b).

'n Verhouding profileer die onderlinge verband tussen 'n stel entiteite. Daar is dus sprake van een of ander vorm van verhouding tussen hierdie entiteite wat skematies met 'n stippelyl aangedui word (vergelyk Figuur 7c, 7d en 7e). Buiten dat verhoudings aansyne (naamwoorde) uitsluit, verteenwoordig dit nie self 'n spesifieke woordklas nie. Daar word twee tipes verhoudings onderskei, naamlik 'prosesse' ('temporele verhoudings') en 'atemporele verhoudings'.

3.5.3 Tipes verhoudings

Uit die benaminge 'temporele' en 'atemporele' verhoudings is dit voor die hand liggend dat die temporele profiel van hierdie tipes verhoudings die onderskeidende faktor is (vergelyk die geprofileerde tydlyn onder Figuur 8a teenoor 8b en 8c). Daar word na temporele verhoudings as 'prosesse' verwys, waar die temporele profiel op die voorgrond gestel word. Prosesse is tipies werkwoorde, en die positiewe temporele profiel dui daarop dat die proses regdeur die beskoude tyd aktief is (vergelyk Figuur 8a).



Figuur 8: Tipes verhoudings

Teenoor prosesse (of temporele verhoudings) staan 'atemporele' of 'nieprosesmatige' verhoudings. Alhoewel tyd ook soms teenwoordig kan wees in die konseptualisering

van atemporele verhoudings, lê die verskil daarin dat die tydbasis van die konseptualisering nie aktief (geprofileer) is nie. Tyd mag dus 'n rol speel in die konseptualisering van atemporele verhoudings, maar die konseptualisering self geskied nie deur beskoude tyd nie. Atemporele verhoudings sluit in voorsetsels, adjektiewe, bywoorde, infinitiewe en deelwoorde. Verder kan atemporele verhoudings simpleks of kompleks wees (vergelyk Figuur 8) afhangend of dit tot 'n enkele konstante konfigurasie gereduseer kan word of nie (Langacker, 1987a:220).

- Simplekse of statiewe³³ atemporele verhoudings (toestandverhoudings) reduseer tot 'n enkele, vaste (konsekvente) konfigurasie. Dit word 'statief' ('simpleks') genoem in die sin dat dit slegs 'n toestand of 'n staat profileer. *Nuwe* (vergelyk (41a)) is bloot 'n toestand op 'n skaal van ouderdom en betrek geen ontwikkeling of duur nie.
- Komplekse atemporele verhoudings, darenteen, word gekonseptualiseer deur 'n reeks scenario's en kan gevolglik nie tot 'n enkele staat gereduseer word nie. By *gekoopte* (vergelyk (41b)) word die uiteindelige toestand van iets betrek wat oor tyd plaasgevind het. Die koopproses wat inherent self kompleks is (oor die verloop van tyd gebeur) dien as agtergrond vir die finale toestand waarin die skryfblok verkeer.

(41a) Die **nuwe** skryfblok lê op die tafel.

(41b) Die **gekoopte** skryfblok lê op die tafel.

Vanaf afdeling 3.3 tot afdeling 3.5, is basiese vooronderstellings en fundamentele teoretiese konstruksie binne 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk kortliks verduidelik. Vanuit hierdie beskrywingsraamwerk kan ons ook sê dat die morfologie van deelwoorde betekenisvol is. Een faset van die betekenisvolheid van deelwoordmorfeme is dat hulle die vermoë besit om 'n werkwoord ('n proses) te verander in 'n atemporele verhouding sonder om die verbale karakter van die werkwoord te verloor. Die faktore wat betrokke is by hierdie verandering is die wyse van skandering, profilering en dit waarop gefokus word (Langacker, 1987a:145;

³³ *Stative relationships* (o.a. Langacker, 1987a:220) word hier vertaal met *statiewe verhoudings*. Die term 'statiewe' is 'n ongekeerde Afrikaanse term en verwys na die teenoorgestelde van 'dinamiese'. Die term 'statiese' is moontlik meer omvangryk as 'statiewe' en daarom kies ek om by 'statiewe' te hou. Die term omvang die betekenis van staat of toestand genoegsaam. Die term 'toestandverhouding' vat die betekenis ook goed saam.

2008a:119-120). In Hoofstuk 4 (vergelyk 4.2 en 4.3) word volledige beskrywings van die betekenisvolheid van die intermediêre karakter van deelwoordmorfeme gegee.

Dit is ook nodig om hierdie vooronderstellings en konstrunkte (vergelyk 3.3 tot 3.5) te verstaan, ten einde die onderskeid tussen fleksie en afleiding (vergelyk 3.6), sowel as tempus en aspek (vergelyk 3.7) te verduidelik.

3.6 Fleksie en afleiding in 'n kognitiewe gebruiksebaseerde beskrywingsraamwerk

In Hoofstuk 2 is die problematiese fleksie-afleiding-onderskeid gelaat by die gevolgtrekking waartoe Jenkinson (1993) gekom het (vergelyk 2.5.2.2), naamlik dat die onderskeid eerder as 'n konseptuele gradering gesien moet word soos wat dit reeds in die KL hanteer word. Vervolgens verwys ek na Tuggy (1985) se verduideliking dat die fleksie-afleiding-kontinuum 'n vorm van kategorisering voorstel (vergelyk 3.6.1). Die siening dat fleksie en afleiding 'n kontinuum vorm en nie absoluut onderskei behoort te word nie, sluit sterk aan by deelwoorde wat sowel 'n verbale (meer fleksie) as 'n adjektiewiese (meer afleiding) karakter vertoon (vergelyk 3.5). Daarna word Booij (2002; 2006) se bydraes bespreek waar hy die kwessies uitlig waarvoor linguïste debatteer in die onderskeid tussen fleksie en afleiding (vergelyk 3.6.2) en dan hoe hy twee tipes fleksie binne die kontinuum onderskei (vergelyk 3.6.3).

3.6.1 Tuggy: Die fleksie-afleiding-kontinuum as 'n vorm van kategorisering

Vanuit 'n kognitiewe perspektief voer Tuggy (1985:210) aan dat 'n fleksie-afleiding-kontinuum 'n vorm van kategorisering voorstel (vergelyk 3.3.1.3) wat meer natuurlik is aan menslike kognisie. Hierdie siening kom daarop neer dat dit foutief is om aan te neem dat die onderskeid tussen fleksie en afleiding 'n absolute binêre onderskeid is. 'n Meer akkurate beskrywing van die fleksie-afleiding-onderskeid is om fleksie en afleiding as die pole van 'n kontinuum te sien sodat daar ruimte gelaat word vir morfeme om iewers tussen die pole te val (Tuggy, 1985:209).

Na analogie van Tuggy (1985:210) kan ons sê die verledetydsvorm *gedoen* is 'n prototipiese fleksievorm, terwyl *doenlik* 'n prototipiese voorbeeld van afleiding is. Volgens Tuggy (1985:211) sal 'n fleksievorm soos *gedoen* waarskynlik nooit oorweeg

word as 'n aparte woordeboekinskrywing nie, teenoor 'n afleiding soos *doenlik* wat wel gelys sal word. Die onderskeid tussen fleksie en afleiding word deur Tuggy (1985:210-213) onder die volgende drie punte saamgevat: produktiwiteit, voorspelbaarheid en betekenisverandering.

3.6.1.1 Produktiwiteit

Produktiwiteit is 'n komplekse onderwerp in die morfologie met dimensies soos promiskuïteit, frekwensie, sentraliteit, linguistiese belangrikheid en vestiging (kyk ook Van Huyssteen, 2000a:123-124; 137-138). In hierdie afdeling word Tuggy se interpretasie daarvan aangebied slegs ter illustrasie van die fleksie-afleiding-kontinuum.

In terme van produktiwiteit is fleksiomorfeme baie meer produktief as afleidingsmorfeme. Daar is dus 'n groot verskil in produktiwiteit tussen *ge-* en *-lik*. Die meerderheid werkwoorde neem *ge-* in verledetydskonstruksies, terwyl *-lik* slegs met sekere werkwoorde verbind om deverbale adjektiewe te vorm. Binne KG kan ons dit stel dat *ge-V* 'n gevestigte konstruksieskema vir Afrikaanssprekendes is, en as gevolg van konstante gebruik word gevestigte sowel as nuwe uitdrukkings toegelaat. Hierteenoor is die konstruksieskema *V-lik* minder frekvent met 'n beperkte promiskuïteit (in 'n mindere mate gevestig) en laat dit ook nie nuwe uitdrukkings in dieselfde mate toe nie (Tuggy, 1985:210-212). Wanneer 'n nuwe werkwoord soos *google* gebruik word, word *het gegoogle* sonder enige inspanning gevorm, terwyl *googleagtig* moontlik éérder as *googlelik* gevorm sal word. Indien *googlelik* gebruik word, sal dit inspanning van gebruikers verg om te verstaan.

3.6.1.2 Voorspelbaarheid

Die tweede onderskeid tussen fleksie en afleiding hou verband met produktiwiteit en behels die voorspelbaarheid van die funksie of die semantiese effek van die morfeem. Fleksiomorfeme is tipies meer voorspelbaar in terme van funksie en betekenis as afleidingsmorfeme. Elke keer wanneer *ge-* gebruik word in die verledetydskonstruksie, het dit dieselfde betekenis: dit dui die verlede tyd aan en daarom is dit vir sprekers maklik om nuwe uitdrukkings dadelik te verstaan (Tuggy, 1985:212-213). Hierteenoor bind *-lik* nie altyd slegs aan sommige werkwoorde nie, dit kan byvoorbeeld ook aan naamwoorde bind en die betekenis van *-lik* is ook nie noodwendig vas nie. Die betekenis

van *-lik* in *adellik* kan geparafraseer word as ‘soos adel’, maar in *doenlik* sal mens dit nie kan parafraseer as ‘soos doen’ nie, eerder as ‘kan gedoen word’ of ‘moontlik om te doen’.

3.6.1.3 Betekenisverandering

Die mate waartoe die morfeme die betekenis van die stam verander, is ’n derde punt waarop daar tussen fleksie en afleiding onderskei kan word. Alle morfeme het ’n effek op die betekenis van die stam, maar sommige het slegs ’n minimale effek terwyl ander ’n groot effek het. Fleksiomorfeme het ’n minimale effek op die betekenis van die stam terwyl afleidingsmorfeme ’n groot effek het (Tuggy, 1985:213). Die semantiese inhoud van *doen* en *gedoen* is basies dieselfde, die *ge-* in *gedoen* wat saam met *het* gebruik word, verskaf slegs ekstra inligting om die spreker te help om te verstaan dat dit in die verlede tyd is. Hierteenoor is daar ’n groot verskil tussen *doen* en *doenlik* waar *-lik* die stam se betekenis in so mate verander dat *doenlik* beteken ‘kan gedoen word’ en sinonimies met ‘moontlik’ vervang kan word.

Fleksiomorfeme is dus produktief, voorspelbaar en het ’n minimale effek op die betekenis van die woorde waarin dit gebruik word. Op die teenoorgestelde pool is afleidingsmorfeme prototipies minder produktief en minder voorspelbaar as fleksiomorfeme en het afleidingsmorfeme ook ’n meer radikale impak op die betekenis van die woorde waarin hulle gebruik word. Die meeste morfeme sal in enige kontinue voorstelling bondel rondom die twee pole en kan derhalwe as prototipiese voorbeelde van fleksie- of afleidingsmorfeme gesien word. Tog sal daar wel voorbeelde wees wat op grond van hierdie drie maatstawwe iewers tussenin val sonder om duidelik deel van die een of die ander groep uit te maak (Tuggy, 1985:214,219). Deelwoorde is juis van die beste voorbeelde om te illustreer hoe morfeme in die tussengebied kan val (vergelyk Figuur 9).

	Fleksie ←—————→ Afleiding	
Produktiwiteit		<i>doener</i>
Voorspelbaarheid	<i>het iets gedoen</i>	<i>gedoende hare</i> <i>doenbaar</i>
Betekenisverandering		<i>doenlik</i>

Figuur 9: Morfeme op die fleksie-afleiding-kontinuum volgens Tuggy se kriteria

Hoe presies die voorstelling in Figuur 9 van die voorbeelde met *doen* ookal is, die punt is dat morfeme nie almal bondel rondom die fleksiepool of die afleidingspool nie. Dit gebeur dat sommige morfeme in terme van die drie kriteria iewers tussenin val soos wat Tuggy (1985:214,219) beweer. Die *ge*-morfeem betrokke by verbale konstruksies soos die verledetyds- en passiefkonstruksies sal, anders as die *ge*- betrokke by deelwoorde, bondel rondom die fleksiepool. Dit versterk my hipotese dat ons moontlik 'n onderskeid kan tref tussen PK-vorme van die werkwoord en 'n deelwoordvorm van die werkwoord (vergelyk 2.5 en Figuur 1).

3.6.2 Booij: kriteria vir die onderskeid tussen fleksie en afleiding

Daar is verskillende stelle kriteria wat gebruik word om tussen fleksie en afleiding te onderskei, soos wat dit ook uit Jenkinson (1993:111-115) se artikel blyk (vergelyk 2.5.2.2). Booij (2006:655) wys in sy artikel *Inflection and Derivation* op drie kwessies waarvoor linguiste debatteer as dit gaan oor die onderskeid tussen fleksie en afleiding, naamlik formele kriteria waarvolgens die onderskeid gemaak word; tiperende eienskappe van beide fleksie en afleiding; en die volgorde van morfeme.

3.6.2.1 Formele kriteria waarvolgens fleksie en afleiding onderskei word

Volgens Booij word die volgende kriteria gebruik om tussen fleksie en afleiding te onderskei: verpligting; sintaktiese relevansie; sintaktiese kategorie; paradigmavorming; en semantiese verskille.

a) Verpligting

Met 'verpligting' word bedoel dat fleksie verpligtend is, terwyl afleiding opsioneel is. Wanneer 'n werkwoord in Afrikaans vervoeg om verlede tyd uit te druk, byvoorbeeld *geloop*, is dit in die meeste gevalle verpligtende om 'n *ge*- saam met *het* te gebruik – dus fleksie (in ag genome dat daar wel werkwoorde in Afrikaans is wat nie *ge*- in die verlede tyd neem nie, bv. *het beveel*) (vergelyk (42a) en (42b)). Daarteenoor is dit die spreker se keuse om byvoorbeeld 'n selfstandige naamwoord van dieselfde werkwoord af te lei (vergelyk (42c)) om 'n sekere betekenis oor te dra (Booij, 2006:655).

(42a) *Die man wat so goed bak, **het** gister 'n prys **gewen**.*

(42b) **Die man wat so goed bak, **het** gister 'n prys **wen**.*

(42c) *Die **bakker** het gister 'n prys **gewen**.*

b) Sintaktiese relevansie

Sintaktiese relevansie behels dat die sintaktiese konteks fleksie noop, terwyl afleidings onafhanklik van die sintaktiese konteks ontstaan (Booij, 2006:655). 'n Goeie voorbeeld hiervan is die enkelvoud -s wat Engelse werkwoorde neem – wat ons nie in Afrikaans het nie (vergelyk (43a) met (43b)). Die -s (*singular -s*) word as fleksie gesien aangesien dit deur die sintaktiese konteks vereis word. Die naaste voorbeeld wat Afrikaans aan 'n fleksiemorfem het wat deur die sintaktiese konteks vereis word, is die attributiewe -e by sommige adjektiewe (vergelyk (43c)).

(43a) *He reads the paragraph.*

(43b) *They read the paragraph.*

(43c) *Haar **onblusbare** passie is aansteeklik.*

c) Sintaktiese kategorie

Afleidingsmorfeme mag die sintaktiese kategorie van die invoerwoord verander of nie (vergelyk (44a), (44b) en (44c)), terwyl fleksie altyd kategorie-neutraal bly (vergelyk (44d), (44e) en (44f)).

(44a) *gelukkig (ADJ) → **ongelukkig** (ADJ)*

(44b) *versoen (WW) → versoen**baar** (ADJ)*

(44c) *skryf (WW) → skryw**er** (N)*

(44d) *boek (N) → boeke (N) of boek**ie** (N)*

(44e) *skryf (WW) → **geskryf** (WW)*

(44f) *blou (ADJ) → blou**er** (ADJ) of blou**ste** (ADJ)*

Booij (2006:656) verwys egter na Haspelmath (1996) se bydrae wat aanvoer dat nie alle fleksievorme volledig kategorie-neutraal bly nie. Haspelmath (1996:43) verwys na afleidingsmorfeme as transposisioneel wanneer hulle die woordklas verander; daarmee bedoel hy dat die morfologie en die sintaksis verander, terwyl die semantiek van die invoerwoord in 'n mindere of meerdere mate behoue bly (vergelyk weer (44a) tot (44c)). Hy voeg by dat daar ook gevalle is van transposisionele fleksiemorfeme en verwys dan na deelwoorde as sodanige fleksievorme: deelwoorde kan funksioneer as adjektiewe, terwyl hulle terselfdertyd hulle werkwoordelike kwaliteite behou (Haspelmath, 1996:44). Volgens Haspelmath (1996:44) mag fleksiewerking hoogstens 'n effek op die sintaktiese kategorie van die woord hê, aangesien iets van die sintaktiese

kategorie van die invoerwoord by fleksie deurgaans behoue bly. Dit is nie die geval by afleiding nie (Booij, 2006:656). Tabel 7 hieronder illustreer die verskillende effekte van fleksie- en afleidingsmorfeme op die sintaktiese kategorie van *loop* in 'n verledetydskonstruksie, as 'n onvoltooide deelwoord en 'n adjektief.

Tabel 7: Die effek van fleksie- en afleidingsmorfeme op die sintaktiese kategorie

Invoer	Morfologiese struktuur	Afvoer	Sintaktiese kategorie
loop (V)	<i>ge-</i>	geloop (V)	(V) bly behoue
loop (V)	<i>-end</i>	lopend (PTCP = V en ADJ)	(V) bly deels behoue
loop (V)	<i>-erig</i>	loperig (ADJ)	(V) verander na (ADJ)

d) Paradigmavorming

'n Paradigma is 'n abstrakte patroon met 'n spesifieke waarde vir een of meer fleksiekategorie(ë), soos byvoorbeeld vir die vorming van verlede tyd. Alhoewel afleiding ook paradigmas kan vorm, is paradigmavorming kenmerkend van fleksie. Ter illustrasie, vergelyk die paradigmas met *speel* in (45a) en met *skryf* in (45b). Die verskil is dat fleksieparadigmas vir byna al die woorde in 'n fleksiekategorie moontlik is, terwyl die paradigmas by afleiding slegs vir 'n paar werk (Booij, 2006:656).

(45a) *speel* → ***gespeel*** → ***spelende*** → ***spelerig***

(45b) *skryf* → ***geskryf*** → ***skrywende*** → ****skrywerig***

Buiten 'n paar uitsonderings, word die verlede tyd in Afrikaans nie met 'n preteritum (een werkwoordvorm) uitgedruk nie. In plaas daarvan word 'n perifrasede of 'n kombinasie van woorde gebruik, naamlik 'n hulpwerkwoord en 'n verledetydsvorm van die werkwoord: *het* + *ge*-V. Die prefiks *ge-* word gebruik in verledetydskonstruksies, passiefkonstruksies en vir voltooide deelwoorde. Daarom sou ons die morfeem *ge-* fyner kon benoem as *ge*₋₁ (saam met *het* in verledetydskonstruksies), *ge*₋₂ (saam met *word/is* in passiefkonstruksies) en *ge*₋₃ (vir voltooide deelwoorde). So 'n skerper omlýning van die *ge*-morfeem ondersteun verder die idee dat ons moontlik 'n onderskeid kan tref tussen PK-vorme van die werkwoord en 'n deelwoordvorm van die werkwoord (vergeelyk 2.5 en Figuur 1).

e) Semantiese verskille

Booij (2006:657) verwys na Bybee (1985:13) se semantiese relevansie (*semantic relevance*) om tussen fleksie en afleiding te onderskei op grond van semantiese verskille. Hy ondersteun haar siening dat "... a meaning element is relevant to another meaning element if the semantic content of the first directly affects or modifies the semantic content of the second" (Booij, 2006:654).

Sterker semantiese relevansie impliseer dat die betekenis van een element die betekenis van die ander element beïnvloed (soos in die geval van afleiding). Fleksie het 'n kleiner betekenisinvloed as afleiding. Wanneer ons in Afrikaans die fleksiemorfeem *ge-* aan 'n werkwoord koppel wat saam met *het* gebruik word, dien dit bloot 'n deiktiese doel³⁴ en verander dit nie die betekenis van die werkwoord nie. Hierteenoor verander die afleidingsmorfeme *-baar* in *doenbaar* (ADJ) of *-loos* in *redeloos* (ADJ) die betekenis van *doen* (WW) en *rede* (N) aansienlik.

3.6.2.2 Tiperende eienskappe van beide fleksie en afleiding

Booij (2006:659) identifiseer ook tiperende eienskappe van fleksie en afleiding. Omdat fleksie verpligtend is (vergelyk 3.6.2.1), is dit oor die algemeen produktief, terwyl afleiding verskillende grade van produktiwiteit vertoon. Fleksievorms is gewoonlik semanties eenvormig, teenoor afgeleide woorde wat unieke betekenis kan oplewer (Booij, 2006:658). Hierdie tiperende eienskap hou verband met die mate van voorspelbaarheid en die graad van betekenisverandering waarna Tuggy (vergelyk 3.6.1.2 en 3.6.1.3) verwys.

Booij (2006:658) wys ook op 'n psigolinguistiese onderskeid tussen fleksie en afleiding, wat die verskil tussen prosessering (*computation*) en berging (*storage*) betrek. Wanneer fleksievorme deur 'n spreker gebruik word, word dit intyds in die gesprek geprosesseer (*computation*). Afleidings word in die leksikon gestoor (*storage*) en word vandaar as 'n geheel gehaal wanneer 'n spreker dit gebruik. Ook hier is daar sprake van 'n geleidelike oorgang as mens dink aan sterk fleksievorme wat ook eerder gestoor as intyds verstaan word. Dit geld veral vir Afrikaans waar die sterk verlede deelwoord volledig geleksikaliseerd is en gereeld in frase-uitdrukkings voorkom, soos onder andere

³⁴ Vergelyk voetnota 26, afdeling 2.4.3.1.

onbegonne taak, gesplete persoonlikheid, voldonge feit of beslote korporasie, en gevolglik as geheel uit die leksikon gehaal word waar dit gestoor is.

3.6.2.3 Die volgorde van morfeme

Dit is juis die verskille tussen fleksie- en afleidingsmorfeme wat linguïste soos Perlmutter en Anderson gelei het tot die *split morphology*-teorie (SM-teorie). Booij (2006:659) vat die kern van SM saam deur te wys dat afleiding pre-sintakties realiseer wanneer afleidingsmorfeme 'n lekseem lewer. Daarteenoor realiseer fleksie post-sintakties, aangesien fleksie die korrekte vorm lewer soos wat dit deur die sintaktiese konteks vereis word. Hierdie siening van SM speel in op Greenberg (1963:93) se universele stelling 28 dat “[i]f both the derivation and inflection follow the root, or they both precede the root, the derivation is always between the root and the inflection”, aangesien fleksie ná afleiding realiseer.

Alhoewel Booij (2006:659) die nodige erkenning aan SM en dié se voorloper (Kiparsky, 1985, se *Theory of Level Ordering*) gee, kritiseer hy hulle deur daarop te wys dat deelwoorde, onder andere, weer eens nie in hierdie onderskeid pas nie. Deelwoorde wat beide verbale en adjektiewiese eienskappe besit, kan voorkom in deadjektiewiese woordvorming, byvoorbeeld *geblikte groente* (attributiewe voltooide deelwoord) word *gebliktes* (selfstandige naamwoord). Fleksie gaan hier afleiding vooraf.

As die bostaande in gedagte gehou word, meen Booij (2006:660) dat teenstrydige menings oor fleksie en afleiding, soos ook gesien in die Afrikaanse literatuuroorsig, glad nie verrassend is nie. Gevolglik verwys Booij (2006:660) na linguïste, soos Bybee en Dressler, wat nie 'n absolute onderskeid tussen fleksie en afleiding tref nie, maar dit eerder as 'n kontinuum tussen twee pole sien. Hierdie siening sluit sterk aan by Tuggy (1985), asook by die gevolgtrekking waartoe Jenkinson (1993), sowel as Groenewald en Van Huyssteen (2008) in hulle ondersoeke gekom het.

3.6.3 Booij: Twee tipes fleksie op die fleksie-afleiding-kontinuum

Vir Booij (2002:19-20; 2006:660) lê die oplossing daarin om twee tipes fleksie te onderskei. Hy wys op sy navolging van 'n ou Indo-Europese tradisie (van Kurylowicz, 1964) om fleksie te onderskei in terme van inherente en kontekstuele fleksie.

Kontekstuele fleksie is die tipe fleksie wat deur die sintaktiese konteks vereis word (Booij, 2002:20), soos byvoorbeeld die *ge-* in Afrikaans wat saam met *het* in verledetydkonstruksies gebruik word. Ander voorbeelde van kontekstuele fleksie sou meervouds- en verkleidingsvorme wees wat ook deur die sintaktiese konteks vereis word. Inherente fleksie, daarenteen, voeg morfosintaktiese eienskappe met 'n onafhanklike semantiese waarde toe aan die stam van die woord (Booij, 2002:19). Die vorming van deelwoorde kan as 'n tipe inherente fleksie gesien word, aangesien dit ekstra inligting tot die werkwoordbasis toevoeg (bv. aspektualiteit: voltooid of onvoltooid) en ook omdat die sintaktiese konteks nie die vorm bepaal nie. Indien die deelwoord prenominaal gebruik sou word, word die attributiewe *-e* juis deur die sintaktiese konteks bepaal en daarom sal dít dan kontekstuele fleksie wees. Vir Booij (2006:660) is die belangrikste onderskeid hier dat slegs inherente fleksie soms verdere woordvorming soos afleidings en samestellings kan toelaat, soos *gebreektes* (naamwoord) van *gebreekte* (deelwoord).

Die waarde van die onderskeid tussen kontekstuele en inherente fleksie vir hierdie studie is dat dit 'n teoretiese regverdiging gee vir my hipotese vroeër (vergelyk 2.5), naamlik dat ons nodig het om te onderskei tussen PK-vorme van die werkwoord en 'n deelwoordvorm van die werkwoord. Die PK-vorme van die werkwoord stem volledig ooreen met kontekstuele fleksie en die deelwoordvorm met inherente fleksie. Die fleksie-afleiding-kontinuum kan nou soos in Figuur 10 voorgestel word waar inherente fleksie iewers op die kontinuum tussen die fleksie- en afleidingspole val.

←		→		
Kontekstuele fleksie	...	Inherente fleksie	...	Afleiding
Verledetydskonstruksie		Voltooidedeelwoordkonstruksie		<i>on-</i>
[het + [ge₁[V]]]		[ge₃[V]d/t]		<i>-loos</i>
Passiefkonstruksie		Onvoltooidedeelwoordkonstruksie		<i>-lik</i>
[word/is + [ge₂[V]]]		[[V]end]		...

Figuur 10: Kontekstuele en inherente fleksie op die fleksie-afleiding-kontinuum

Die siening dat deelwoordmorfeme 'n intermediêre karakter tussen prosesse en atemporele verhoudings toon (Langacker, 1987a:145; 2008a:119-120) en Booij (2002:79) se eie siening dat die deelwoord 'n fleksiekategorie van werkwoorde is wat voorkom in transkategoriale konstruksies, is beide volledig versoenbaar met inherente fleksie wat tussen fleksie en afleiding lê.

Met hierdie kontinuum (vergelyk Figuur 10) in gedagte, kan ons weer na Tabel 2 kyk (vergelyk 2.4.2.2) waarin die teenstrydige sienings van Afrikaanse bronne oor fleksie en afleiding opgesom is. Die verskillende skrywers van bestaande Afrikaanse bronne het hulle menings gelug in 'n tyd toe 'n absolute onderskeid tussen fleksie en afleiding die norm was. Met nuwe insigte om die onderskeid meer geleidelik eerder as absoluut te sien en om 'n verdere onderskeid tussen kontekstuele en inherente fleksie te tref, kon hulle bes moontlik minder teenstrydig hieroor geredeneer het. Combrink (1989:233, 1990:30-31) ontken juis 'n absolute onderskeid tussen fleksie en afleiding, Du Toit (1986:101) se aanvoeling om 'n onderskeid te tref tussen verskillende vorme van die werkwoord neig reeds in die rigting van 'n kontinue-onderskeid eerder as 'n absolute onderskeid, en Van Schoor (1983:209) is reg om deelwoorde as fleksie te sien. Die belangrikste kwessie wat na vore kom uit 'n kontinue siening van fleksie en afleiding, en spesifiek met Booij se onderskeid tussen kontekstuele en inherente fleksie, is dat die verledetyds- en passiefkonstruksies ánder vorme van die werkwoord is as die deelwoordvorm.

3.7 Die onderskeid tussen tempus en aspek

Ten slotte is dit ook nodig om kortliks stil te staan by die onderskeid tussen tempus en aspek. Die rede is tweeledig. Aan die een kant word verwysings na tempus en aspek (en veral die verdere onderskeid tussen grammatikale en leksikale aspek) soms verwar as gevolg van 'n misverstand wat met terminologiekeuse verband hou. Aan die ander kant wys die onderskeid tussen tempus en aspek ook duidelik op die onderskeid tussen die PK-vorme van die werkwoord (wat in die verledetydskonstruksie byvoorbeeld 'n tempusvorm is) en die deelwoordvorm van die werkwoord (wat meer 'n aspektuele vorm is).

Breed (2012:7,12-13) kontekstualiseer die onvoldoende verwysings na aspektuele betekenis in Afrikaans deur daarop te wys dat daar byna twee dekades gelede laas enige literatuur in Afrikaans oor aspek verskyn het. Resente navorsing is derhalwe nog nie in Afrikaanse beskikbaar nie. Volgens haar is die beskikbare verwysings "... onduidelik, nie-ooreenstemmend en meestal onversoenbaar" (Breed, 2012:13). Volgens Evans en Green (2006:387) hou die tempus-aspek-sisteem verband met die wyse waarop inligting aangebied en gekonseptualiseer word in terme van die tyd van episodes: "Unlike tense, aspect does not refer to the time of the event described relative to the moment of speaking, but instead describes whether the event is viewed as 'complete' or 'ongoing'" (Evans & Green, 2006:388). Die onderskeid wat dus getref word tussen tempus en aspek lê opgeluit in die tyd van die gebeure relatief tot die spraakmoment (vergelyk 3.7.1), teenoor die aspektuele kontoer van die inhoud van wat gesê word (vergelyk 3.7.2). Breed vat dit netjies saam deur te stel dat tempus en aspek deel uitmaak van 'n "situasie se temporele inligting" (Breed, 2012:25).

Aangesien hierdie studie gemoeid is met die verskillende morfologiese vorme van die werkwoord, het ek nodig om op 'n konsekwente en neutrale wyse na tempus- en aspekkwessies te verwys. Hierdie neutrale verwysings word in die volgende twee afdelings (vergelyk 3.7.1 en 3.7.2) gestel. Vir 'n vollediger uiteensetting van aspekbetekenis in Afrikaans, sien Breed (2012).

3.7.1 Tempus

Tempus is 'n deiktiese verwysing en merk die situasie deur die tyd van gebeure te situeer relatief tot die spraakmoment. Reichenbach (1947) se SER-sisteem (*Speech-Event-Reference*) word algemeen gebruik om tempus voor te stel, en Breed verduidelik dat "Afhangend van die tempus, staan S, E en R in verskillende verhoudings tot mekaar" (Breed, 2012:28). Die spraakmoment word voorgestel deur S, die gebeure deur E en die verwysing na die tyd van die gebeure met 'n R³⁵ (Evans & Green, 2006:387-388). Verlede tyd dui aan dat die tyd van die gebeure die spraakmoment voorafgaan (R-S), teenwoordige tyd dui aan dat die tyd van die gebeure en die spraakmoment ongeveer saamval (R=S), en toekomstige tyd dui aan dat die tyd van die gebeure nog moet volg op die spraakmoment (S-R) (kyk ook Breed, 2012:26).

³⁵ Vergelyk afdeling 3.4.6 waar 'verwysingspunt (R)' reeds bespreek is.

Variasies van die terme ‘imperfek’ en ‘perfek’ het verskillende betekenisse wanneer mens dit as ‘n temporele konstruksie lees of as ‘n mens dit as ‘n aspektuele verwysing lees. Binne hierdie konteks word ‘imperfektum’ of ‘preteritum’ gebruik om na die verlede tyd te verwys en ‘perfektum’ om na die voorverledetyd te verwys (teenoor ‘imperfektief’ en ‘perfektief’ wat grammatikale aspek betrek, sien 3.7.2). Vir die onderskeid in Hoofstuk 4 tussen die deelwoordvorm en die verledetydsvorm, is die verwysingspunt (R) instrumenteel, aangesien daarmee aangetoon sal word dat die tyd van die gebeure die spraakmoment voorafgaan.

3.7.2 Aspek

Aspek is ‘n niedeiktiese verwysing en betrek die temporele inligting tot die situasie self: die wyse waarop die gebeure deur tyd ontvou (Croft, 2012:31;398) en manifesteer grammatikaal sowel as leksikaal (Croft, 2012:31). Grammatikale aspek betrek die manier waarop die grammatika van ‘n taal aspektualiteit uitdruk, dit wil sê die enkodering van tempus-aspek-konstruksies (Croft, 2012:401). Grammatikale aspek bewerkstellig aspektualiteit hetsy deur fleksiewerking of deur perifrases. Die werking van grammatikale aspek kan illustreer word deur die hulpwerkwoord *word* wat in passiefkonstruksies in die teenwoordige tyd voorkom (druk durendheid uit), of die hulpwerkwoord *is* wat in passiefkonstruksies in die verlede tyd voorkom (druk voltooidheid uit). Die deelwoordmorfeem *-end* (druk durendheid uit) wat werkwoorde vervoeg om onvoltooide deelwoorde te vorm en die *ge-...-d/t* (druk voltooidheid uit) om voltooide deelwoorde te vorm, is ook voorbeelde van grammatikale aspek. In terme van grammatikale aspek, volstaan ek in hierdie studie by die gebruik van ‘voltooide’ (deel van perfektiewe en anteriorbetekenis) en ‘onvoltooide’ (deel van imperfektiewe betekenis) om morfologies te onderskei tussen die twee tipes deelwoorde.

Sommige leksikale items het ‘n inherente temporele struktuur wat durendheid of stiptelikheid of voltooidheid uitdruk (Croft, 2012:32), en dít dui op leksikale aspek. Daar word ook na leksikale aspek as ‘aksionsart’ verwys, wat spesifiek die aspektuele kontoer binne leksikale items betrek (Croft, 2012:402). Werkwoorde soos *smeer* (vergelyk (46a)) en *sing* (vergelyk (46b)) is aktiwiteitswerkwoorde met ‘n sekere duur en ‘n duidelike begin en einde. Hierteenoor is *hou van* (vergelyk (46c)) en *kronkel*

(vergelyk (46d)) statiewe of toestandswerkwoorde sonder 'n duidelike begin- of eindpunt.

(46a) Ek **smeer** vir jou 'n toebroodjie.


(46b) Die koor **sing** 'n lied by die funksie.

(46c) Ek **hou van** vrugteslaai.


(46d) Die pad **kronkel** deur die berge.

Binne KG onderskei Langacker aspektueel tussen werkwoorde as perfektiewe en imperfektiewe werkwoorde (Langacker, 1987a:254-267; 2008a:147). De Wit en Brisard (2013:16) verduidelik dat Langacker hierdie onderskeid tref op grond van die grammatikale gedrag van werkwoorde. Volgens Langacker (2008a:147) reflekteer die terme 'perfektief' en 'imperfektief' die konseptuele karakterisering (leksikale aspek) van werkwoorde, soos geïllustreer in Figuur 11.

a) Perfektiewe werkwoorde



b) Imperfektiewe werkwoorde



Figuur 11: Tipiese skematiese voorstellings van (a) perfektiewe en (b) imperfektiewe werkwoorde (Langacker, 2008a: 153)

- a) Perfektiewe werkwoorde (vergelyk (46a) en (46b)) is gebonde in tyd. Hierdie gebondenheid in tyd word skematies aangedui met die stoppers aan die begin en einde van die gebeurtenis waarop daar in die onmiddellike skopus (OS) gefokus word. Verder word die prosesverhouding as heterogeen geprofileer (lyn met kurwes) wat daarop dui dat die een of ander verandering plaasvind.
- b) Imperfektiewe werkwoorde (vergelyk (46c) en (46d)) is nie spesifiek tydsgebonde nie en dit waarop gefokus word in die OS, lê iewers in die middel van die gebeure, met die gevolg dat die begin- en eindpunte buite die OS lê. Die duur van die statiewe toestand lê buite die grense van die OS en enige gegewe oomblik van die imperfektiewe werkwoord is verteenwoordigend van die werkwoord as 'n geheel. Daarom word die prosesverhouding van imperfektiewe werkwoorde as 'n homogene, stabiele situasie deur tyd gekonstrueer (reguit lyn).

Langacker (2008a:147n13) dui aan dat wat hy as perfektiewe en imperfektiewe sien, ook aktiewe (of dinamiese) en statiewe werkwoorde genoem word. Alhoewel De Wit en Brisard (2013:16) in beginsel saamstem met die semantiese karakterisering wat Langacker vir hierdie twee groepe werkwoorde voorstel, verkies hulle om die terme 'dinamies' en 'statief' te gebruik om na leksikale aspek te verwys juis omdat 'perfektief' en 'imperfektief' oor die algemeen gebruik word om na grammatikale aspek te verwys. In hierdie studie volg ek De Wit en Brisard en verwys verder na dinamiese en statiewe leksikale aspek van werkwoorde.

3.8 Samevatting

Hierdie hoofstuk gee 'n basiese oorsig oor die belangrikste teoretiese konstrunkte van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk, alvorens 'n morfologiese beskrywing van die deelwoord in die volgende hoofstuk gegee kan word. So 'n raamwerk val binne die grense van KG, 'n deeldisipline van KL. KL berus op twee basiese verbintenisse: die verbintenis tot veralgemening impliseer dat algemene beginsels gekarakteriseer moet word wat waar is vir alle aspekte van menslike taalgebruik; die kognitiewe verbintenis behels dat die uitsprake wat oor kognisie gemaak word in terme van taal, moet weerspieël wat alreeds in ander dissiplines bekend is oor kognisie.

Daar is drie teoretiese vooronderstellings binne 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk. Die eerste is dat taal integraal deel is van menslike kognisie; die tweede dat grammatika inherent betekenisvol is; en die derde dat werklike taalgebruiksdata 'n sentrale posisie beklee. Onder die eerste vooronderstelling, dat taal integraal deel vorm van menslike kognisie, is vyf kognitiewe vermoëns beskou wat besonder onthullend is vir taalbeskrywing, te wete:

- simbolisering as 'n spesiale geval van assosiasie waar elke morfeem, leksikale item of frase gesien word as 'n simboliese eenheid wat bestaan uit 'n fonologiese pool en 'n semantiese pool;
- komposisie waar eenvoudige strukture saamgevoeg word om meer komplekse strukture te vorm;

- kategorisering as 'n geval van vergelyking om ooreenkomste en verskille te identifiseer;
- skematisering as 'n vorm van veralgemening waar patrone geïdentifiseer word om as abstrakte template te dien vir nuwe of ongekende strukture; en
- vestiging as 'n gevolg van outomatisering van gevestigde strukture.

Die fundamentele konstrakte binne die beskrywingsraamwerk wat nodig is om 'n onthullende karakterisering van 'n taalfenomeen te kan maak, sluit in domein, profiel, trajektor, landmerk, gesigspunt, skandering, verwysingspunt, skopus en die temporele dimensies (T en t).

Anders as tradisionele taalteorieë, sien KG woordklasse op grond van semantiese konseptualisering. Alle woorde word op die semantiese pool as entiteite gesien. Entiteite verdeel in aansyne en verhoudings. Aansyn vorm die semantiese pool van naamwoorde en verhouding impliseer die onderlinge verband tussen 'n stel entiteite. Daar word twee tipes verhoudings onderskei, naamlik temporele verhoudings (of prosesse) en atemporele verhoudings. Temporele verhoudings of prosesse vorm die semantiese pool van werkwoorde. Verder word daar twee tipes atemporele verhoudings onderskei, naamlik statiewe verhoudings (of simplekse verhoudings) en komplekse verhoudings. Atemporele verhoudings vorm die semantiese pool van voorsetsels, adjektiewe, bywoorde, infinitiewe en deelwoorde. Statiewe atemporele verhoudings kan gereduseer word tot 'n vaste toestandkonfigurasie, terwyl komplekse atemporele verhoudings nie tot 'n enkele staat gereduseer kan word nie, maar opgebou is deur 'n reeks scenario's.

Die onderskeid tussen fleksie en afleiding word vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk as 'n kontinuum gesien en nie as 'n absolute binêre onderskeid nie. Tuggy (1985) illustreer die fleksie-afleiding-kontinuum as 'n vorm van kategorisering deur verskillende morfeme se verskillende grade van produktiwiteit, voorspelbaarheid en betekenisverandering te erken. Volgens Tuggy val deelwoordmorfeme iewers in die middelgebied tussen fleksie en afleiding. Booij (2006) vat die drie kwessies rondom die onderskeid tussen fleksie en afleiding waarvoor linguïste debatteer saam as: formele kriteria waarvolgens fleksie en afleiding onderskei word (d.i. verpligting, sintaktiese relevansie, sintaktiese kategorie, paradigmavorming,

en semantiese verskille); tiperende eienskappe van fleksie en afleiding; en die volgorde van morfeme. Booij (2002, 2006) onderskei ook twee tipes fleksie op die fleksie-afleiding-kontinuum, naamlik inherente en kontekstuele fleksie. Kontekstuele fleksie word deur die sintaktiese konteks vereis (bv. *ge-* aan 'n werkwoord wat saam met *het* in die verledetydskonstruksie voorkom) teenoor inherente fleksie wat morfosintaktiese eienskappe met 'n onafhanklike waarde toevoeg aan die stam van die woord (bv. deelwoorde). Deur die onderskeid tussen fleksie en afleiding op 'n kontinuum te sien en deur fyner te onderskei tussen kontekstuele en inherente fleksie, is vir hierdie studie besonder waardevol. Daardeur word 'n duidelike onderskeid getref tussen morfeme betrokke by die verledetyds- en passiefkonstruksie en morfeme betrokke by die vorming van deelwoorde. Dit ondersteun die hipotese wat in Hoofstuk 2 gestel word, naamlik dat daar in Afrikaans 'n verdere onderskeid tussen verskillende vorme van die werkwoord getref behoort te word.

Daar word ten slotte in die hoofstuk kortliks onderskei tussen tempus en aspek. Tempus is 'n deiktiese merker waar die tyd van die gebeure in 'n sin relatief tot die spraakmoment gestel word. Vir die bespreking in die volgende hoofstuk is dit nodig om te verstaan dat in 'n verledetydskonstruksie die spraakmoment plaasvind ná die gebeure. In terme van leksikale aspek is dit nodig om rekening te hou met die verskillende terme wat skrywers gebruik. Waar Langacker (1987a) 'perfektiewe werkwoorde' gebruik, gebruik De Wit en Brisard (2013) 'dinamiese werkwoorde'; en waar Langacker 'imperpektiewe werkwoorde' gebruik, gebruik De Wit en Brisard 'aktiewe werkwoorde'. In die studie volg ek De Wit en Brisard se terminologieë. In terme van grammatikale aspek, volstaan ek by die onderskeid tussen 'voltooid' en 'onvoltooid' om morfologies tussen die twee tipes deelwoorde te onderskei

In die volgende hoofstuk word 'n beskrywing van die fonologiese pool sowel as van die semantiese pool van deelwoorde in Afrikaans gegee vanuit 'n kognitiewe gebruiksgesbaseerde beskrywingsraamwerk.